# Chroniese-moegheid-SINDROOM

DEUR JOHAN JACOBS

Is dit so dat 'n mens op enige ouderdom chroniese-moegheid-sindroom (CMS) kan ontwikkel of gee CMS-mense bloot voor en speel so goed toneel omdat hulle aandag soek en wil hê dat ander hulle moet jammer kry? Laasgenoemde was 21 jaar gelede my foutiewe paradigma. Min het ek geweet dat ek self ook daardie arena sou betree met gevorderde CMS tesame met gevorderde primêre progressiewe veelvuldige sklerose (MS).

**DIE SEKULÊRE SIENING VAN CMS**

**CMS is 'n siekte wat gekenmerk word deur uiterste moegheid, slaapafwykings, pyn en ander simptome wat vererger word deur inspanning. Die oorsaak van hierdie toestand is onbekend, maar kan omgewings- of genetiese faktore insluit. Die belangrikste simptoom is moegheid wat vir langer as ses maande duur. Die moegheid vererger dikwels wanneer die individu aktief is, maar verbeter nie met rus nie. Daar is geen genesing of goedgekeurde behandeling vir hierdie toestand nie. Sommige simptome kan egter behandel of bestuur word om verligting te bied.**

## 'Die lewe het uit my gesypel'

Ek is in 2004 klinies ongeskik verklaar weens die twee bogenoemde toestande. Ek was 34 jaar oud, in die fleur van my lewe en gelukkig getroud met 'n pragtige vrou. Ons eersteling, Carlin, was toe twee jaar oud. Ek het 'n uitvoerende bestuurspos in 'n korporatiewe maatskappy beklee, maar ek het gevoel asof ek 'n wrak van 104 jaar oud was. Ek het oor niks meer omgegee nie. My brandstoftenk was leër as leeg. Ek het elke dag tot minstens eenuur in die middag geslaap. Ek het 'n onversadigbare drang gehad om te slaap, my vuur was geblus – en om sake te vererger, het ek geweet dat ek binne 'n kwessie van maande in 'n rolstoel sou wees. Ek het onbedaarlik begin huil wanneer ek na myself in die spieël gekyk het. Ek het geweet dat ek in groot moeilikheid was, my boot was besig om te sink. Ek het nie geweet wat om te verwag nie en het bykans alle hoop verloor terwyl die lewe uit my gesypel het.

## 'n Belofte van hoop

Ek en my vrou het gereeld gebid en dit was my enigste hoop. Eendag het sy die volgende Bybelvers in Jesaja 55:13 vir my gegee: *"In die plek van 'n doringbos sal daar 'n sipres opskiet, in die plek van 'n dissel sal daar 'n mirteboom opskiet. Dit sal tot eer van die Here wees, 'n blywende teken wat nooit vernietig sal word nie."*

Sy het gesê dat die siekte – die doringboom – vervang sal word met die sipres, wat gesondheid simboliseer. Sy het ook gesê: "Eendag sal jy mense in nood help om te herstel." Hierdie Skrif en woorde was my baken van hoop; ek het met alles in my daaraan vasgehou. In daardie stadium kon ek my nie voorstel dat ek kon herstel nie en het geen idee gehad dat baie mense eendag by my reis sou baat nie. Al wat ek kan sê, is dat God goed is en dat ons Vader altyd 'n plan sal maak en op Sý tyd sal ingryp en dit ten goede laat meewerk tot Sý eer.

## Meer energie as 20 jaar gelede

Dit is nou 17 jaar later en die meeste van die bostaande simptome het verdwyn. Ek het meer energie as 20 jaar gelede.

## Tipiese simptome

- Slaapprobleme
- Moegheid wat nie verlig word deur voldoende slaap en rus nie
- Spier- of gewrigspyn
- Hoofpyn
- Depressie
- Kognitief: verwarring, vergeetagtigheid of gebrek aan konsentrasie
- Gemoed: angs of onsekerheid
- Griepagtige simptome, met ligte koors af en toe
- Voel duiselig of siek
- Vinnige of onreëlmatige hartklop (hartkloppings)
- Onvermoë om te oefen

Ek en my vrou het gereeld gebid en dit was my enigste hoop.

## Hoe het ek van CMS en MS herstel as albei hierdie siektes ongeneeslik is?

My eie ervaring asook die wat ek daarna met ander gevalle gehad het, is dat dit 'n mensgemaakte, toksiese toestand is waar die liggaam se immuniteitstelsel oorlaai is en dat dit inderdaad omkeerbaar is sodra al die oorsake verwyder word. Dit word goed uiteengesit in my boek, *GO NATURAL: Wisdom for Healthy Living*. Hiermee 'n kort opsomming:

1. Begin om net suiwer, vars en voedingstofryke voedsel te eet. Eet net die oorspronklike kos wat Vader vir ons ontwerp het.
2. Verwyder alle kernoorsake (*root causes*) wat siektetoestande veroorsaak.

## Tipiese kernoorsake

a. Orale patologie (wortelkanaalbehandelde tande, infeksies in kaakkavitasie van tande wat getrek is)
b. Amalgaamstopsels met kwik
c. Fluoriedbevattende produkte, dit wil sê tandepasta
d. Onnatuurlike preserveermiddels en chemikalieë
e. 'n Chemiese wanbalans as gevolg van 'n onsuiwer dieet van verwerkte, gepreserveerde en giftige kosse wat arm is in voedingstowwe.

## Wat kan jy doen?

a. Verwyder alle preserveermiddels en chemikalieë uit jou lewe.
b. Dit is absoluut noodsaaklik om die tandheelkundige oplossings wat orale patologie veroorsaak en amalgaamstopsels veilig en korrek te verwyder volgens die metodes van die International Academy of Oral Medicine and Toxicology (IAOMT).
c. Ontgif jou brein met "Johan se herstelprotokol" as een van die resepte in my boek.
d. Moenie op die mens vertrou nie, maar op God, ons Vader!

Dit is nou 17 jaar later en ek het meer energie as 20 jaar gelede.

## Jou liggaam maai wat jy saai

Dit is die saai- en maaibeginsel. Jare gelede het ek amper gesterf weens 'n gebrek aan kennis. As jy my boek lees en verstaan, sal jy besef dat ons die teiken heeltemal mis oor hoe om na ons wonderbaarlik geskape liggame om te sien. Ek het my liggaam, die tempel van die Heilige Gees, onwetend besoedel. Lees hierdie teksvers en laat dit insink: *"Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle."* – 1 Korintiërs 3:16-17

## Pluk die soet vrugte van gesondheid en energie

Ons het almal die verantwoordelikheid om optimaal na ons liggame om te sien. Die vyand het 'n goed uitgewerkte plan om ons van ons lewenskragtigheid en gesondheid te ontneem, maar daar is 'n bewese plan. Ek bid dat jy die regte besluite sal neem en dat jy wys sal lewe en die soet vrugte van gesondheid en energie sal pluk.

Ek sluit af met hierdie laaste teksvers: *"In plaas van julle skande ontvang julle 'n dubbele deel; en in plaas van die smaad sal hulle jubel oor hul deel. Daarom sal hulle in hul land 'n dubbele deel in besit neem, ewige vreugde geniet."* – Jesaja 61:7

**Seën jouself en lees die volledige Jesaja 61 en maak dit jou eie.** ■



go natural®

Kry jou eie HANDBOEK vir 'n LEWE sonder 'DIS-EASE'

*GO NATURAL: Wisdom for Healthy Living* begelei jou om die GO NATURAL-dieet te volg wat jou gesin sal help om hulle volle genetiese potensiaal te bereik.

'Om GESOND te leef is nou makliker as ooit. Koop al jou gesondheidsprodukte AANLYN by Go Natural!'

021 852 2744
info@gonatural.co.za
www.gonatural.co.za